Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

## Respek

Respek ontstaan uit 'n mens se agting, waardering en ontsag vir ander. Eerstens vir God. Tweedens vir ander mense – hulle posisie, eiendom, regte en gevoelens. En derdens respek vir jouself; dit is ook die waarborg van liefde, vrede en positiewe gesindhede in jou lewe.

-Hoe sou jy respek definieer? Van watter ander waardes vorm respek die basis?

-Bespreek die stelling: " 'n Mens kan nie deur die lewe gaan sonder respek vir jouself en vir ander mense nie – dit is die basis van veiligheid en beskawing." Hoe vaar ons in Suid Afrika in hierdie verband?

-Kweek respek altyd respek? Of kry 'n mens net respek van mense wat dit verstaan? Kry baie mense nie respek wat hulle glad nie verdien nie? Hoekom?

Lees die tekste stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Lees 1 Korintiërs 12:26. Gebeur dit werklik so? Of is ons eerder bly as mense (ook 'n slag) swaarkry, en jaloers as hulle vir die een of ander rede geëer word?

Gesels oor 1 Petrus 2:17. Wat is die implikasies vir ons as mense?

Lees Kolossense 3:20-21. Op watter maniere kan ouers optree wat hulle kinders moedeloos maak?

Hoe sal jy die waarde van respek in die 10 gebooie (Eksodus 20) by mekaar bring? Onthou respek vir mense, eiendom ens..